**16 Oktober**

## Om God in jou beproewing raak te sien

**Skrifgedeelte: Johannes 9:1-12**
**Fokusgedeelte: Johannes 9:3**

Wanneer gelowiges beproef word, is die waarom-vraag is gewoonlik een van die eerste vrae wat gevra word. Gestremdheid is ook ’n beproewing. Dit is nie vreemd dat die ouers van ’n gestremde kind vir die Here vra: Waarom moet juis ons kind gestremd wees? nie. Jy as gestremde vra ook hierdie vraag: Waarom moet ek blind wees?

Wanneer ’n mens beproef word, moet jy hierdie vrae vra en jy moet besef daar bestaan nie ’n klinkklare antwoord op hierdie vraag nie. Daar sal ook mense kom wat die probleem uit hulle oogpunt beskou en op hulle manier wil aanspreek. Een van die antwoorde wat ons gereeld hoor, is: Jy of jou ouers het sonde gedoen en daarom is jy gestremd, of nog erger, Satan is met jou besig.

In die gelese gedeelte vra die dissipels hierdie vraag ook aan ons Here Jesus. Sy antwoord is nie die antwoord wat hulle verwag het nie. Dit is nie so dat hierdie blinde man of sy ouers gesondig het nie. Hy is blind sodat die werke van God deur hom sigbaar kan word.

Jesus genees die blinde, maar met ’n spesifieke doel. Hy, wat die lig van die wêreld is, wat moes kom om die duisternis van ’n sondige wêreld te kom verdryf – Hy moet raakgesien word. Selfs as Hy hierdie man genees, beteken dit nie alle blindes gaan nou ewe skielik begin sien nie. Dit is nog belangriker dat ons nie geestelik soos blindes sal rondtas nie, maar dat ons deur die geloofsoog die onsienlike God sal raaksien.

*Sing: Skrifberyming 12-3:1 en 2*

*Ds. Abel Steyn (Lydenburg)*